DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant.
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary.
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. CLXIV.] PRYS 6d. PRETORIA, 3 FEBRUARIE 3 FEBRUARY 1958. PRICE 6d. [2682.

No. 25 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal ingevolge subartikel (3) van artikel *honderd vier-en-twintig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Administrateur te eniger tyd om gegronde redes 'n gesondheidskomitee kan afskaf en ophef;

En nademaal dit dienstig geag word om, om gegronde redes, die Gesondheidskomitee van Alexandra, wat tans saamgestel is ingevolge Proklamasie No. 162 (Administrateurs-), 1941, af te skaf en op te hef;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede by subartikel (3) van artikel *honderd vier-en-twintig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, aan my verleen, hierby proklameer dat die Gesondheidskomitee van Alexandra afgeskaf en opgehef word met ingang van die derde dag van Februarie 1958.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, hierdie Agt-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.L.G. 1/1/1.

No. 25 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas in terms of sub-section (3) of section *one hundred and twenty-four* of the Local Government Ordinance, 1939, the Administrator may at any time on due cause being shown abolish and disestablish a health committee;

And whereas it is deemed expedient, on due cause having been shown, to abolish and disestablish the Health Committee of Alexandra at present constituted in terms of Proclamation No. 162 (Administrator's), 1941;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *one hundred and twenty-four* of the Local Government Ordinance, 1939, I do hereby proclaim that the Health Committee of Alexandra shall be abolished and disestablished with effect from the 3rd day of February, 1958.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-eighth day of January, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.L.G. 1/1/1.

No. 26 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal by Proklamasie No. 25 (Administrateurs-), 1958, die Gesondheidskomitee van Alexandra afgeskaf en opgehef is met ingang van die 3de dag van Februarie 1958;

En nademaal dit dienstig geag word dat die regsgebied van die voormalige Gesondheidskomitee van Alexandra ingesluit word in die regsgebied van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede by subartikel (2) van artikel *veertien* van die Ordonnansie tot Instelling van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943, aan my verleen, hierby proklameer dat die regsgebied van die voormalige Gesondheidskomitee van Alexandra, soos omskryf in die Bylae hiervan, met ingang van die derde dag van Februarie 1958 ingesluit word in die regsgebied van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hierdie Derde dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.L.G. 1/1/1.

No. 26 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas by Proclamation No. 25 (Administrator's), 1958, the Health Committee of Alexandra has been abolished and disestablished with effect from the 3rd day of February, 1958;

And whereas it is deemed expedient that the area of jurisdiction of the former Health Committee of Alexandra be included in the area of jurisdiction of the Peri-Urban Areas Health Board;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (2) of section *fourteen* of the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943, I do hereby proclaim that the area of jurisdiction of the former Health Committee of Alexandra, as set forth in the Schedule hereto, shall with effect from the third day of February, 1958, be included in the area of jurisdiction of the Peri-Urban Areas Health Board.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Third day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.L.G. 1/1/1.

BYLAE.

Begin by die noordwestelike baken van die gedeelte van die plaas Syferfontein No. 2, landdrosdistrik Johannesburg, wat bekend staan as die dorp Alexandra, soos omskryf op Algemene Plan S.G. No. A.504/12; vandaar noordooswaarts langs sy noordelike grens tot by sy noordoostelike baken; vandaar noordweswaarts, noordooswaarts, suidooswaarts en suidweswaarts om die grense van en insluitende Perseel No. 4 en Perseel No. 5 van die plaas Lombardy No. 12, landdrosdistrik Kempton Park, soos onderskeidelik aangetoon op Kaarte S.G. Nos. A.1860/09 en 1861/09 tot by die suidwestelike baken van voorgenoemde; vandaar suidooswaarts en suidweswaarts langs onderskeidelik die oostelike en suidelike grense van die dorp Alexandra tot by die noordelike baken van gedeelte van Gedeelte E van gedeelte (Kaart S.G. No. 3861/03) van die plaas Syferfontein No. 2; vandaar suidooswaarts, suidweswaarts en noordooswaarts om die grense van en insluitende genoemde gedeelte en terug na sy noordelike baken; vandaar suidweswaarts en noordweswaarts langs die suidelike en westelike grense van die dorp Alexandra tot by sy noordwestelike baken, naamlik die aanvangspunt.

SCHEDULE.

Beginning at the north-western beacon of that portion of the farm Syferfontein No. 2, Johannesburg Magisterial District, known as Alexandra Township as defined by General Plan S.G. No. A.504/12; proceeding thence north-eastwards along its northern boundary to its north-eastern beacon; thence north-westwards, north-eastwards, south-eastwards and south-westwards round the boundaries of and including Lot No. 4 and Lot No. 5 of the farm Lombardy No. 12, Kempton Park Magisterial District, as represented by Diagrams S.G. Nos. 1860/09 and 1861/09, respectively, to the south-western beacon of the former; thence south-eastwards and south-westwards along the eastern and southern boundaries respectively of Alexandra Township to the northern beacon of portion of Portion E of portion (Diagram S.G. No. A.3861/03) of the farm Syferfontein No. 2; thence south-eastwards, south-westwards and north-eastwards round the boundaries of and including the said portion back to its northern beacon; thence south-westwards and north-westwards along the southern and western boundaries of Alexandra Township to its north-western beacon, the place of beginning.

No. 27 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943, met die goedkeuring van die Administrateur 'n plaaslike gebiedskomitee, bekend as die Plaaslike Gebiedskomitee van Alexandra ingestel het;

En nademaal die Raad voldoen het aan die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by genoemde subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* aan my verleen word, by hierdie Proklamasie verklaar dat die regsgebied van die Plaaslike Gebiedskomitee van Alexandra sal wees soos in die bygaande Bylae omskryf.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Derde dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.L.G. 16/4/1/36.

BYLAE.

Begin by die noordwestelike baken van die gedeelte van die plaas Syferfontein No. 2, landdrosdistrik Johannesburg, wat bekend staan as die dorp Alexandra, soos omskryf op Algemene Plan S.G. No. A.504/12; vandaar noordooswaarts langs sy noordelike grens tot by sy noordoostelike baken; vandaar noordweswaarts, noordooswaarts, suidooswaarts, en suidweswaarts om die grense van en insluitende Perseel No. 4 en Perseel No. 5 van die plaas Lombardy No. 12, landdrosdistrik Kempton Park, soos onderskeidelik aangetoon op Kaarte S.G. Nos. A.1860/09 en 1861/09 tot by die suidwestelike baken van voorgenoemde; vandaar suidooswaarts en suidweswaarts langs onderskeidelik die oostelike en suidelike grense van die dorp Alexandra tot by die noordelike baken van gedeelte van Gedeelte E van gedeelte (Kaart S.G. No. 3861/03) van die plaas Syferfontein No. 2; vandaar suidooswaarts, suidweswaarts en noordooswaarts om die grense van en insluitende genoemde gedeelte en terug na sy noordelike baken; vandaar suidweswaarts en noordweswaarts langs die suidelike en westelike grense van die dorp Alexandra tot by sy noordwestelike baken, naamlik die aanvangspunt.

No. 27 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Peri-Urban Areas Health Board has, in terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943, with the consent of the Administrator, established a local area committee known as the Alexandra Local Area Committee;

And whereas the Board has complied with provisions of sub-section (2) of the said section;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said sub-section (2) of section *twenty-one* I do by this by Proclamation proclaim that the area of jurisdiction of the Alexandra Local Area Committee shall be as set forth in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Third day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.L.G. 16/4/1/36.

SCHEDULE.

Beginning at the north-western beacon of that portion of the farm Syferfontein No. 2, Johannesburg Magisterial District, known as Alexandra Township as defined by General Plan S.G. No. A.504/12; proceeding thence north-eastwards along its northern boundary to its north-eastern beacon; thence north-westwards, north-eastwards, south-eastwards and south-westwards round the boundaries of and including Lot No. 4 and Lot No. 5 of the farm Lombardy No. 12, Kempton Park Magisterial District, as represented by Diagrams S.G. Nos. 1860/09 and 1861/09, respectively, to the south-western beacon of the former; thence south-eastwards and south-westwards along the eastern and southern boundaries respectively of Alexandra Township to the northern beacon of portion of Portion E of portion (Diagram S.G. No. A.3861/03) of the farm Syferfontein No. 2; thence south-eastwards, south-westwards and north-eastwards round the boundaries of and including the said portion back to its northern beacon; thence south-westwards and north-westwards along the southern and western boundaries of Alexandra Township to its north-western beacon, the place of beginning.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWING.

Onderstaande kennisgewing wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

H. F. CLEAVER,
Waarnemende Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 78.] [3 Februarie 1958.

GESONDHEIDSRAAD VIR BUITE-STEDELIKE GEBIEDE.—STIGTING VAN PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE VAN ALEXANDRA.

Hierby word kennis gegee ingevolge Regulasie No. 2 van die Regulasies vir Plaaslike Gebiedskomitees, gepubliseer by Administrateurskennisgewing No. 8 van 1945, dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede met die toestemming van die Administrateur 'n plaaslike gebiedskomitee gestig het, wat as die Plaaslike Gebiedskomitee van Alexandra bekend sal staan, bestaande uit 6 lede, met regsbevoegdheid oor die gebied van die voormalige Gesondheidskomitee van Alexandra.

T.A.L.G. 16/4/1/36.

PROVINCIAL ADMINISTRATION.

ADMINISTRATOR'S NOTICE.

The following notice relating to the administration of the Province of the Transvaal is published under the authority of the Administrator for general information.

H. F. CLEAVER,
Acting Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 78.] [3 February 1958.

PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD.—ESTABLISHMENT OF ALEXANDRA LOCAL AREA COMMITTEE.

It is hereby notified in terms of Regulation No. 2 of the Regulations for Local Area Committees, published under Administrator's Notice No. 8 of 1945, that the Peri-Urban Areas Health Board has, with the consent of the Administrator, established a local area committee to be known as the Alexandra Local Area Committee consisting of 6 members, with jurisdiction over the area of the former Health Committee of Alexandra.

T.A.L.G. 16/4/1/36.

Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.